# LEI DEUR TE DIEN

Esegiël 34:1-24 (:23)

## ONGELUKKIGHEID OOR LEIERS

Daar was en is op baie plekke in die wêreld **ongelukkigheid oor LEIERS**. Eers was dit leiers in sommige Arabiese lande wat onder skoot was (ook letterlik). Die afgelope weke was dit die leiers in Griekeland en Italië. In SA breek daar ook kort-kort protes-aksies uit teen swak leierskap op nasionale en plaaslike vlak. ("Leierskapskrisis")

**Weet ons aldag watter soort leiers ons wil hê?** Weet ons watter soort leiers ons **wil WEES**? Dit wil voorkom of die tyd van die sogenaamde **sterk leier** wat sê *"Dis my visie – volg my"* verby is. Gelukkig is daar 'n baie **goeie alternatief**. Vir diegene wat hulle Bybel ken, is dit niks nuuts nie. Ons kan dit ***"dienaar leierskap"*** noem. Dit vorm 'n *skerp kontras* met die ervaring wat 'n mens baie keer kry dat die meeste leiers maar net na hul eie belang omsien en nie regtig vir hul mense omgee nie.

### SLEGTE HERDERS

Die eerste gedeelte van Esegiël 34 (1-16) handel oor die **slegte herders/konings** en die toestand van die mense onder hulle slegte sorg. **Aanklag**:*"Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie... Julle was harde en wrede regeerders."* **Oordeel**: *"So sê die Here my God: 'Ek gaan optree teen die herders: Ek eis my kleinvee van hulle terug, Ek maak 'n end daaraan dat hulle die kleinvee se herders is, hulle sal nie herders bly net om vir hulleself te sorg nie. Ek sal my kleinvee red en hulle nie deur die herders laat opeet nie."*

### DIE GOEIE HERDER

Vers 16 staan in **direkte teenstelling** met vers 4. God begin weer. Hier is nie meer sprake van 'n **menslike herder nie**. Die Here sal *self die rol* as herder oorneem en die volk op hierdie manier van die bose herders *red*. Daar waar menslike herders ons **verwond** het, sê hierdie herder dat hy die wonde sal *verbind.* Daar waar menslike herders *nie omgegee* het dat mense hul **eie pad** loop nie, gaan hierdie herder die mense wat weggeraak het, *soek en terugbrin*g. Waar *eensames, siekes en swakkes* deur menslike herders **in die steek gelaat** is, sal Hy *omgee*. Die wat **wil ingee** onder die las wat hulle moet dra, sal *gedra* word.

Soos die Here die volk destyds uit die **ellende van Egipte** verlos het, sal Hy dit weer doen. Soos Hy hulle **versorg** het en in die **land van rus** gebring het, sal Hy dit weer doen. Die redding wat Hy bring, sal weer aan mense **lewensruimte** gee. Hulle sal weer kan *asemhaal.*

Ongelukkig het **die gemeenskap** die voorbeeld van hul korrupte leiers gevolg. **Klasseverskille** het selfs in ballingskap tot *diskriminasie* gelei. In vers 20 tot 22 kry ons gevolglik ook **’n aankondiging van oordeel** tussen *skaap en skaap*.

In die laaste twee verse lees 'n mens van **’n nuwe heerser**. vs 24: *"Ek, die Here, sal hulle God wees, en my dienaar Dawid sal oor hulle regeer."* Dié dienaar, Dawid, sal die **goddelike seën aan die volk gee**.

Die **Joodse ballinge** wat eerste hierdie woorde gehoor het, sou verseker ‘n ander voorstelling gehad het oor *wie die Dawidsheerser* van wie die profeet hier praat nou eintlik is. Maar **as Nuwe-Testamentiese Christene** herinner dit ons natuurlik dadelik aan *Jesus Christus*. Hy is **die Herderkoning,** die **goeie Herder** van Joh 10 wat gekom het om *te soek en te red wat verlore is*; wat sy skape op die *naam ken*; wat sy *lewe afgelê* het vir die skape; wat *lewe en dit in oorvloed* gee aan die gewondes en die swakkes en uitgestotenes.

## JESUS SE LEIERSKAPSVOORBEELD

Ons vier vandag die feesdag “Christus die Koning” – die laaste Sondag van die kerklike jaar. Jesus se leierskap is ‘n goeie voorbeeld van dienaarleierskap – waar die leier *nederig optree* en *veral begaan* is oor die welsyn van diegene wat Hy moet lei.

Die afgelope klompie jare, so verneem ek, word selfs in **die sake- en akademiese wêreld** al hoe meer aan dienaarleierskap aandag gegee.

**Dit verbaas my nie**. **Hoe meer** ons met *arrogante en korrupte* leiers te doen kry wat hul *mag misbruik om hulself te verryk*, hoe meer is daar 'n **nuwe waardering** vir leiers met eienskappe soos *nederigheid, integriteit en betroubaarheid*. Ken jy sulke leiers? Is jy so een?

- Dienaarleiers is **nederig** en **volg Jesus na** eerder as om status of mag na te streef. Hy wat gekom het *om te dien* eerder as om gedien te word (Mark 10:35-45).
- Dienaarleiers **offer op** (Mark 10:41-45). Hulle is eerder daarop ingestel *om te gee* as om te ontvang.
- Dienaarleiers is **bereid om risiko’s te loop** omdat hulle *vertroue* geheel en al op God gestel is (Joh 13:3).
- Dienaarleiers wil nie alles self doen nie, maar **deel die verantwoordelikheid en gesag** met ander en **bemagtig** ander om sodoende *groter nood te kan verlig* (Hand 6:1-6; Mark 6:7-13). **Paulus**, wanneer hy na die gemeente as *die liggaam van Christus* verwys, beklemtoon dat die *swakker lede* se bydrae noodsaaklik is, erken en geëer word!

- Dienaarleiers **besef die belangrikheid van goeie verhoudings**. In enige span, in enige liggaam, ook in die kerk en die gemeente, is verhoudings *alles bepalend*. Leierskap draai om **verhoudingsbou**. 'n Ware leier bou die ander spanlede op so 'n manier op dat **almal beter mense** word. Daarom is hulle nie net taakgerig nie, maar ook *fyn ingestel op mense se emosies* en sal *aanmoediging en waardering* gee waar van toepassing.

## VOLG IN SY VOETSPORE

**Dissipels van Jesus volg in sy voetspore**. In **1 Petrus 5** lees ons die opdrag aan die ouderlinge: (<u>lees :2-4</u>)

- Die **eerste stap op die pad van dienaarleierskap** is dus 'n **bewuste keuse** om Jesus as leier te volg en jou eie leierskap op sy voorbeeld te skoei.
- Die **tweede stap** is om **self 'n voorbeeld** te stel: *"Woorde wek maar voorbeelde trek",* sê die spreekwoord. Leiers kan net deur voorbeeld lei.
- Die **derde stap** is om te aanvaar dat daar *mislukkings, krisisse en swaarkry* mag wees.
- Die **vierde stap** is 'n **bewuste keuse** om nie meer deel te wees van **'n magstryd** nie. Dienaarleiers neem hulleself *nie so ernstig* op nie. Hulle kan vir hulleself *lag* en is selfs bereid om *belaglike dinge* te doen – soos Leermeester Jesus, wat in geskokte stilte *vuil voete* begin was het!

## ONDERWERPING AAN GOD

**Die enigste manier om méér en méér 'n dienaarleier te word, is om jou méér en méér aan God te onderwerp.**

Dit **vra opoffering**: van jóú *behoefte aan erkenning*; jóú behoefte om *raakgesien* te word; jóú behoefte om *al die praatwerk* te doen; jóú behoefte om *aandag op jouself* te vestig.

In die veeleisende tye waarin ons leef, **smag mense na dienaarleiers** wat *lei omdat hulle <u>wil dien</u>;* leiers wat Jesus se woorde sowaar *ernstig opneem* en nie omgee om die *minste te wees* en voete te was nie.

**Deur dienaarleiers te wees kan ons die seën wat ons van God ontvang na ander deurgee** – al is dit ook net die een wat *in die huis of in die tuin* vir ons werk!

Amen.

*(Vir die toepassingsgedeelte hierbo is ruim gebruik gemaak van "Geestelike leiers is konsekwent voetewassers – Hulle hanteer mag anders en hulle koester diens" van Nelus Niemandt in* Christen-leiers, *onder redaksie van Jannie le Roux en Braam Hanekom wat in 2008 by Bybel-Media verskyn het.)*